



Mei 2021

GEAGTE OUER,

Ek wil met hierdie kort inligtingstuk, as skoolhoof, elke ouer salueer dat u die beste doen wat u kan om u kind voor te berei vir die grootmensewêreld. Die rol van ouer is die grootste verantwoordelikheid wat aan 'n mens opgelê kan word. Ons almal (ek inklusief) het al baie bewustelike opvoedingsfoute gemaak, om nie te praat van die kere waarvan 'n mens nie eers bewus is nie. Wees dus gerus dat u nie alleen is in die onsekerheid van ouerskap nie. As ouers moet ons mekaar egter bystaan en van raad bedien tydens die opvoedingsreis waarin ons met ons kinders is en nooit moed opgee met hulle nie.

Skuldgevoelens:

As ouers voel ons somtyds skuldig as ons nie alles kan voorsien wat ander het nie. Ons moet egter waak hierteen en moet onderskei tussen ons kinders se regte en voorregte.

Ken die verskil tussen regte en voorregte:

Ons kinders kan ons maklik laat skuldig voel, omdat die verskil tussen regte en voorregte nie duidelik aan hulle gestel word nie. Daar is sekere dinge waarvoor ons wetlik aanspreeklik is wat ons kinders betref en sekere dinge wat voorregte is, waarvoor ons nie enige aanspreeklikheid het nie. Die volgende dinge is ons kinders se **regte** en ek en u as ouer het 'n wetlike plig om dit aan hulle te voorsien:

1. Kos en klere (dit maak nie saak wat die handelsnaam van die klere is nie)
2. 'n Veilige blyplek en 'n bed om in te slaap.
3. Skoolbywoning

Alhoewel alles wat daar te leer is oor opvoeding sekerlik kan verander, is die volgende paar punte die spreekwoordelike "**probeer en getoetste**" (tried and tested) maniere om 'n kind op die regte koers na sukses te plaas en alhoewel dit nie wetlik afdwingbaar is nie, behoort ons as ouers dit na te kom:

1. Liefde en versorging.
2. Daaglikse skoolbywoning, sonder gereelde afwesighede.
3. Vaste roetines met huiswerk.
4. Goeie slaapgewoontes.
5. Goed uitgewerkte en vaste studiegewoontes.
6. Vaste gesinsroetines wat betref etenstyd, slaaptyd en opstaantyd.

Voorregte

Die volgende is net voorbeelde van 'n oneindige lang lys **voorregte** wat ons aan ons kinders kan voorsien, indien ons in die posisie is om dit te doen:

1. Selfone.
2. Handelsnaamklere.
3. Televisietyd.
4. Kuiertyd by maats.
5. Rekenaarspeletjies.
6. ens.

Ons het geen plig om aan hierdie voorregte te voldoen nie, maar ons is dikwels huiwerig om voorwaardes te stel van hoe daardie voorregte gebruik kan word. Ironies genoeg, is dit ongelukkig in so baie gevalle die voorregte wat die oorsaak van konflik asook swakker prestasie van ons kinders is.

Ons as ouers kan en moet die **VOORWAARDES** stel waaraan ons kinders moet voldoen, voordat die voorregte geniet kan word. Op elkeen van die bogenoemde lys van voorregte kan ons as ouers eers aandring dat daaraan voldoen moet word. Dit is ons spreekwoordelike "bargaining chip". Voorwaardes soos:

1. Ooreengekome skermtyd met fone en die ingee van fone voor huiswerktyd en slaaptyd.
2. Vasgestelde tye vir rekenaarspeletjies en geen oorskryding van die tyd daarvoor toegelaat nie.
3. Vasgestelde tye vir huiswerk voor by maats gekuier kan word.
4. Die afhandel van huishoudelike take alvorens enige voorreg geniet kan word.

Ons wil nie hê ons Wonnies moet akademies onderpresteer nie. Ons kan en moet as ouers ons kinders lei om gewoontes te kweek waar hulle elke dag doen wat van hulle verwag word, want dit kweek karakter en kinders met karakter het hoop. Dit word dikwels met baie teëstribbel en argumentering begroet, maar ons moet nie terugdeins vir ons kinders nie. Om bloot te gee wat hulle wil hê om konflik te vermy, is om gesag oor te gee. Wees bedag daarop en moenie dat dit u van stryk af bring nie.

Aan elke ouer sê ek sterkte met u ouerskapsrol. Dis nie maklik nie, maar ons sal pragtige vrugte pluk as ons met volharding die snoei en vormwerk bly doen.

Wonnegroete



M LEZAR
SKOOLHOOF